

5 September
21:1-21

Deuteronomium

(Teks: 21:20 en 21) Orde begin by die huisgesin

Watter ouer sal weens ongehoorsaamheid, opstandigheid, dronkenskap of vraatsug hulle seun aan die gereg oorgee om gestenig te word? Dalk is dit maar een van die Ou-Testamentiese wette wat lankal reeds uitgedien is en nie meer vir ons enige waarde het nie. Die voorgelese gedeelte handel oor die toepassing van die Vyfde Gebod.

Deur die geboorte van die Here te ontleed, kom ons onder die indruk van die belangrike rol wat die huisgesin in die samelewing speel. Vier van die tien geboorte het betrekking op die huisgesin. Die huisgesin is 'n belangrike deel van 'n Christen se lewe. In die voorgelese gedeelte uit Deuteronomium luister die seun nie na sy pa en ma nie, al straf hulle hom. In so geval moet die leiers van die stad die seun met klippe doodgooi.

In ons moderne gemeenskap speel die struktuur van die familiekring dikwels nie meer 'n noemenswaardige rol nie. Kinders leer nie meer van huis uit om hulle aan gesag te onderwerp nie. Gevolglik tree wanorde in. Om hierdie siklus te verbreek, moet ons aandag aan dissipline gee. Die Bybelse voorskrifte lê klem op rehabilitasie. Net iemand wat nie dissipline geleer kan word nie, word swaar gestraf. Ons moet kinders dus nie volgens die graad van oortreding straf nie. Die doel van tugtiging moet wees om hulle die regte optrede te leer.

Die oortreding van die seun word in 'n ernstige lig beskou, omdat sy optrede 'n verzet teen die hoekstene van gesag is. Hy was "opstandig" en "ongehoorsaam". Dit is twee sterk woorde in die Hebreeuse taal, as't ware die ergste vorm van verwyf! 'n "Vraat" en 'n "suiplap" voltooi die beeld van 'n rebelse, anti-sosiale en verharde krimineel. Streng optrede is noodsaaklik. Tog is daar beperkings op die familie se mag. Die mag oor 'n lewe behoort aan God.

Sing Psalm 68:3 Ds. J. Lion-Cachet (Port Elizabeth)